TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: ..Jamestown..... Sinode: ***NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
   [Merk al die blokkies wat van toepassing is]
   - ☐* Kerkraad
   - ☐* Wyke
   - ☐ Kleingroepe
   - ☐* Lidmate: byeenkoms
   - ☐ Lidmate: individueel
   - ☐ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - ☐* Ja
   - ☐ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

1) Belhar is nie aanvaarbaar nie,was nog altyd omstrede. Kinders kan dit nie verstaan.
2) Punte 1 & 6 weerspreek mekaar.
3) Stel geensins belang in nuwe kerkverband.
4) Wil huidige belydenis behou.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

1) Duidelike punt of punte moet gestel word tov Taal en Belhar.

Nuwe/ ander voorstelle?

1) Stel nuwe beleid op sonder Belhar. Kyk na bewoording van Belhar dalk kan dit meer aanvaarbaar gemaak word vir almal

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

1) Strukture bly soos dit is – aksies kan wissel
2) Daar is te veel verskille in taal en kultuur.
3) Is eenwording regtig nodig – redes vir stigting van onderskeie kerke is nog steeds Dieselfde en sal so bly –was nog nooit een kerk nie.
4) Nie ten gunste van een Algemene Sinode nie.
5) Huidige ringe kan nooit saam funksioneer nie- ringe bly soos dit is.
6) Behou huidige belydenisskrifte.
7) Elke gemeente en kerk behou sy eiendomme.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Behoefte is deurgaans dat ou strukture behoue moet bly.

Nuwe/ ander voorstelle?

Taal- en kultuurverskille kan nie geignoreer word nie.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

1) Verskillende tale en kulture sal nie werk nie. Waar moet geld vandaan kom vir vertaling en toerusting of gaan predikante elke preek 3 keer herhaal (Afr., Eng. Xhosa)?
2) Gaan standaarde nie daal nie? En waar moet geld vandaan kom vir nuwe liedboek?
3) Waar kom geld vir trustfonds vandaan?
4) Binne NG kerk alleen is daar wrywing, want almal is nie bereid om maar net by die stroom in te val nie. Hoeveel wrywing gaan hierdie "eenwording" bring?
5) Taal en kultuur bly probleem vir gesamentlike projekte.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

1) Bepaal eers waar versoening nodig is. Dit moet baie duidelik gestel word dat versoening van alle kante moet kom en opgelos moet word. Voorkom opbou van haat en nyd.
2) By ons op plaaslike vlak het vervreemding nie plaas gevind nie en is versoening nie 'n saak nie.
3) Anderkleuriges kan en mag maar saam met ons aanbid en selfs lidmaat word, maar moet by ons gebruike en taal (Afrikaans) inskakel maw as hulle vir die regte redes wil aansluit by die NG kerk, sal ons help en aanvaar.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Los kerke om in vrede hul God te aanbid in moedertaal.

Nuwe/ ander voorstelle?

Moenie eenwording afforseer nie. Propageer eerder samewerking. Almal moet oral welkom wees, maar op gasheer-gemeente se voorwaardes.

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

NG kerk bly NG kerk

.....

NG kerk van SA

.....

Herenigde kerk van SA

.....

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055